



Ons reis na grootsheid

Informele afvalinsamelaars dra geweldig by tot herwinning

Informele afvalinsamelaars in Suid-Afrika speel 'n sleutelrol in die herwinningswaardeketting, maar kry dikwels geen erkenning nie. Daar moet maniere gevind word om hulle in staat te stel om deel te neem aan besluite oor afvalbestuurspraktyke en gemeenskapsherwinningsprogramme, sê prof Derick Blaauw van die Skool vir Ekonomie.

Hy is vir die afgelope 10 jaar deel van 'n landswye studie oor informele insamelaars se bydrae tot herwinning in Suid-Afrika.

(Lees meer)

Afvalhoop-insamelaars sorteer afval. Verskeie studies het beraam dat Suid-Afrika tussen 60 000 en 90 000 informele straatafvalinsamelaars, insamelaars op afvalhope, insamelaars in woongebiede en insamelaars met bakkies het.

Prof Blaauw sê hulle is 'n belangrike skakel tussen die munisipale diensketting en die formele privaat sektor-waardeketting, omdat hulle afval doeltreffend verwyder vanaf sypaadjies en afvalhope tot in die herwinningseconomie.



Ons finansiële kapitaal

Die bronne van ons finansiële kapitaal is staatsbefondsing, skuld en toelaes, sowel as inkomste wat gegenereer word deur ons bedrywighede en beleggings. Ons gebruik hierdie kapitaal om dienste te lewer en om ons infrastruktuur in stand te hou en te verbeter sodat ons waarde kan skep vir die NWU en ons belanghebbers.

Die bestuur van ons inkomste en besteding, soos uitgedruk in ons jaarlikse begroting, is die sleutel tot die gesondheid en stabiliteit van ons finansiële omgewing, wat 'n voorvereiste is vir die bereiking van ons strategiese doelwitte as 'n unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid.

Belanghebbers wat sal voordeel trek

Al ons belanghebbers word bevoordeel as die NWU se finansiële kapitaal sterk is. Finansiële stabiliteit stel ons in staat stel om ons klasgeld binne die bereik van ons huidige en toekomstige studente en hul gesinne te hou, terwyl ons hoëgehalteonderwys aan hulle bied. Dit sal ons ook in staat stel om regverdige vergoeding vir ons personeel te bekostig en ons donateurs en die DHOO gerus te stel dat ons hul donasies en befondsing wys bestee en die nasionale prioriteite vir hoër onderwys dien.

Wesenlike aangeleenthede (doelwitte of instaatstellers)

Alhoewel Instaatsteller 4 (finansiële stabiliteit) die hoofokus is, is al ons doelwitte en ander instaatstellers ook betrokke, aangesien ons geld benodig om dit te bereik en te implementeer.



Risiko's om te oorweeg

Die vernaamste risiko's is onsekerhede in die hoëronderwyssektor (soos die strewe na die regulering van kostes), en die eise vir organisatoriese verandering (soos gratis onderwys, wat sal lei tot groter afhanklikheid van staatsbefondsing).

Die ander grootste risiko's in ons risikoregister is ook geïmpliseer, aangesien ons geld benodig vir al die gepaardgaande aktiwiteite. (Dit is die risiko's wat verband hou met akademiese aangeleenthede, voldoening – byvoorbeeld aan finansiële wette en regulasies – risiko's met betrekking tot die studente-lewe, IT-risiko's, kommersialisering en bedryfsrisiko's.)

Wesenlike aangeleentheid:



Verseker die finansiële volhoubaarheid van die NWU

Deur ons hulpbronne te versprei op 'n manier wat ons kernbesigheidstrategieë ondersteun, verseker ons die universiteit se langtermyn finansiële volhoubaarheid.

In die belang van verbeterde mediumtermynbeplanning het ons 'n gedetailleerde **drie jaar deurlopende begroting** vir 2021-2023 opgestel. Aangesien dit belangrik is om die onbekende finansiële impak van Covid-19 in te sluit, het ons 'n basisbegroting saamgestel waarteen die finansiële impak van die pandemie gemeet kan word. Dit is gedoen voordat enige moontlike finansiële impak wat die pandemie in toekomstige jare sal hê, in ag geneem is.

As deel van die poging om die moontlike finansiële impak te evalueer, het ons verskillende scenario's gebou op grond van 'n stel algemene en finansiële aannames en risikofaktore (die sogenaamde Finansiële-impak-model).

In die kort en medium termyn (2021 tot 2024) was ons fokus op die beoordeling van die sensitiviteit van die NWU se **inkomstebronne** vir die aannames en risikofaktore. Die basisinkomstebegroting, aangepas met die finansiële impak van die mees waarskynlike scenario, is tydens die begrotingsproses gebruik as die hoëvlakbegrotingsraamwerk vir 2021-2024. Hierdie finansiële-impak-model is deur Universiteite Suid-Afrika (USAf) as beste praktyk aanvaar.

Ons werk voortdurend ons **Finansiële-impak-model** en verligtingsplan by soos wat meer inligting beskikbaar word, en gebruik die model as basislyn om besluitneming te lei, wat op- of afgeskaal kan word. Die fokus is op kontantvloei-bestuur en op die insluiting van die finansiële-impak-voorspelling by die hersiening van die 2021-2023-begroting.

Die drie jaar deurlopende begroting is opgestel volgens 'n stel goedgekeurde beginsels en gevorm deur die realistiese voorspelling van inkomste, wat vervolgens omgesit is in uitgawes wat "bekostigbaar" sou wees vir die universiteit.

Die berekening van die sleutelbronne van inkomste het behoorlike aandag geniet, met inagneming van al die nuutste relevante inligting wat beskikbaar is. Die 2020-begrote **kontantvloei-uitgawe-verhoudings**, soos hieronder gelys, is gebruik as die basis vir die berekening van die hoëvlak-uitgawebegroting.

- > Personeelkoste as 'n persentasie van inkomste
- > Bedryfskoste as 'n persentasie van inkomste
- > Kapitaalkoste as 'n persentasie van inkomste

In die volgende afdelings verduidelik ons hoe ons in 2021 ons strategiese inisiatiewe befonds het en ons fondse toegewys het om ons doelwitte te bereik en ons instaatstellers te implementeer.

Finansiering van ons strategiese inisiatiewe

Ons gebruik ons strategiese fonds om in spesifieke strategiese projekte te belê, behalwe daarvoor dat ons alle aktiwiteite en toekenning van hulpbronne (deur middel van die normale bedryfsbegroting) in lyn bring met die strategie en suksesmodel van die universiteit.

Lees meer omtrent hierdie strategiese projekte in die afdeling oor ons strategie op bladsy 43.

Die Universiteitsbestuurskomitee het goedkeuring verleen vir die toewysing van strategiese fondse.

Strategiese fondse toegewys per doelwit/instaatsteller

JPP-skakel	Randwaarde van toewysing R'000	% van toewysing
Instaatsteller 3	1 148 000	2%
Doelwit 1	2 995 931	6%
Doelwit 2	5 000 000	10%
Doelwit 3	3 349 060	7%
Doelwit 4	900 000	2%
Doelwit 5	201 800	0%
Doelwit 6	36 405 209	73%
Groot totaal	50 000 000	100%

In die nabye toekoms: geleenthede en uitdagings met betrekking tot die inwerkingstelling van ons strategie

Die jaarlikse algemene klasgeldverhoging wat sedert 2016 deur die DHOO aanbeveel word, is gebaseer op die verbruikersprysindeks (VPI). Die VPI-koers is nie verteenwoordigend van die kostes wat aangegaan moet word om 'n universiteit te bedryf nie, en ons beskou die sogenaamde Hoëronderwysprysindeks (HOPI) as 'n beter maatstaf.

Die historiese subsidieverhoging vir universiteite het 'n tekort in reële terme tot gevolg gehad – 'n tekort wat al hoe groter word omdat hoëronderwysinflasie die subsidieverhogings oortref.

Wat universiteite te doen staan

Universiteite sal hul uitgawes moet aanpas by prysveranderinge (soos bereken deur die HOPI) as hulle dieselfde kwaliteit en uitset wil handhaaf. Wanneer die totale begrotingsvereistes geskat word, moet universiteite egter ook kennis neem van volumeveranderinge gebaseer op die sogenaamde Volume-indeks vir Hoër Onderwys, wat weer aanleiding gee tot 'n Hoër Onderwysbegrotingsindeks.

Die kort- en mediumtermyn finansiële impak van die Covid-19-pandemie kan vir die afsienbare toekoms by ons uitdagings gevoeg word.

Ons verligtingsplan

As deel van die verligtingsplan om ons toekomstige volhoubaarheid te verseker, het ons uit ons Finansiële-impak-model geleer en verskeie risikofaktore by ons 2021-2023 deurlopende begroting ingesluit.

Dit sluit in die moontlike impak van 'n laer bloktokenningssubsidie wat voortspruit uit verminderde 2021-uitsette en laer bloktokennings en geoormerkte befondsing wat aan universiteite beskikbaar is weens die regering se finansiële probleme.

Daar is egter 'n perk op wat universiteite kan bereik sonder 'n volhoubare nasionale befondingsmodel. Ons siening is dat die NSFAS-model nie volhoubaar is nie en dat die model weens die aansienlike toename in die aantal studente wat vir NSFAS kwalifiseer 'n volhoubaarheidsrisiko vir die hoër onderwyssektor inhou.

Ons sien ook sekere geleenthede om ons benutting van hulpbronne te verbeter, veral omdat ons ons digitale besigheidstrategie en vervlegteleermodel bespoedig.

Vooruitsig: hoe om finansiële volhoubaarheid te handhaaf

In ons strewe om ons gesonde finansiële posisie te handhaaf, sal ons verwikkelinge rondom die befondsing van hoër onderwys en die tot nog toe onbekende impak van die pandemie fyn dophou. Intern sal ons ons moet toespits op die diversifisering en optimalisering van ons geldstrome, die verbetering van die doeltreffendheid en effektiwiteit van bedryfskoste, die optimalisering van infrastruktuurgebruik en die bestuur van ons verligtingsplan en kontant met die grootste sorg.

Ons kan moeilik oorbeklemtoon hoe belangrik dit is om te verseker dat die hoër onderwys- en NSFAS-befondingsmodel die finansiële volhoubaarheid van openbare hoër onderwysinstellings ondersteun. Indien dit nie gebeur nie, kan die finansiële posisie van hierdie instansies dermate in gedrang kom dat sommige universiteite hul mededingende voordeel in die mark kan kwytraak, sowel as hul vermoë om by te dra tot die vaardighede en kennisekonomie van Suid-Afrika.

Die NWU sal voortgaan om aktief deel te neem aan die modellering van die toekomstige befondingsontwerp. Ons bly daartoe verbind om met die DHOO saam te werk om

'n goed funksionerende en volhoubare NWU te verseker, maar ook die stabiliteit en volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse hoër onderwyssektor.



Finansiële oorsig

Dit is die verslag van die voorsitter van die Finansiële Komitee van die Raad en die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite.

Die doel van hierdie verslag is om 'n opsomming van ons finansiële resultate vir 2021 aan te bied en om inligting oor die begrotings- en begrotingsbeheerprosesse te verskaf, asook om 'n oorsig te gee van finansiële prestasies.

Begrotings- en begrotingsbeheerprosesse

Tydens die begrotingsproses het ons 'n hoëvlakbegroting as begrotingsraamwerk gebruik. Dit het die goedgekeurde Jaarlikse Prestasieplan, die lewensvatbaarheids- en volhoubaarheidsaanwysers, die impak van die Covid-19-pandemie, die NWU-verligtingsplan en ander beskikbare finansiële inligting in ag geneem.

Begrotingsbesprekings het op verskeie bestuursvlakke plaasgevind, met die fokus op die volgende sake:

- > 'n finansiële oorsig van elke geldstroom;
- > die impak van die pandemie op 2020-uitsette en inskrywingsbeplanning vir 2021-2023;
- > herleiding van bedryfs- en kapitaalbegrotings na die nuwe manier van werk en post-Covid-19-aanvraag;
- > personeelbeplanning insluitende personeelkosteverligtingsplan vir die medium termyn; en
- > moontlike risiko's en besorgdhede en die skakel met die strategie en JPP.

Finansiële oorsig

*Klik asseblief **hier** vir die volledige finansiële oorsig en **hier** vir 'n opsomming van hoe ons waarde tot die ekonomie toegevoeg het en ons finansiële doelwitte bereik het.*

RAADSVERKLARING OOR LENINGS

Die universiteit het in 2021 'n nuwe langtermyn-leningsooreenkoms met die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika aangegaan soos per die Finansiële Jaarstate.

Verklaring goedgekeur deur die Raad op 23 Julie 2022.